12 Junie 2024

Memo #3 2024

Beste kollegas

Eksamentyd is verby en alhoewel daar dalk nog merkwerk voorlê, wag daar 'n welverdiende rustyd vir elkeen. Mag ons die kwartaal afsluit met die bemoedigende woorde van Jesaja.

" En die heerlikheid van die Here sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien: want die mond van die Here het dit gespreek."- Jesaja 40:5

God se Woord is vas en seker!

Baie dinge vergaan. Plante vergaan, gras verdor, beloftes word gebreek. Met baie opwinding sien ons uit na vakansies, en net so is dit verby. Tog is daar iets wat vas en seker bly: God se Woord! Die heerlikheid van die Here sal bekend word aan alle mense omdat Hy gesê het dit sal.
Die begin van hierdie bekendmaking het begin op ʼn berg net buite Jerusalem. Op ʼn berg met die naam van Kopbeenhoogte. Daar buite die dorpie, daar aan stukke hout word die mense opgehang wat nie deel mag wees van die samelewing nie. Daar word die mense doodgemaak wat vir niemand iets beteken nie. Tussen hemel en aarde, geen plek op die hemel, geen plek op aarde. Daar hang hulle. Daar hang Jesus Christus.
Op grond van Christus se werke aan die kruis kon die woorde van Jesaja 40 waar word. Troos, troos my volk, sê julle God. Troos ter wille van Christus. Troos aan elke gelowige. Jou stryd is verby, jou skuld is betaal. Ter wille van Christus. In lewe en in sterwe bly Jesus ons troos. Hoe kan ons wel seker wees ons stryd is verby?
Nog nie ten volle nie. Romeine 8 leer ons dat ons stryd tydelik sal wees. Wanneer Jesus weer kom, is die oorwinning finaal. Dit is vas en seker, want God het dit gesê. Eers het Hy sy volk bemoedig in hulle ballingskap. Vandag troos Hy ons met dieselfde woorde. Wees getroos! God se Woord bly vas en seker tot in ewigheid!
Hy sal kom as ʼn sterke. In deur, op en met die wolke sal Hy verskyn vir almal om te sien. Die volle oorwinning oor die sonde is op pad. Wees getroos!

*(Almanak-dagstukkies 2021, geskryf deur Ds. W Brotherton)*

### 1. ICO-kantore

Dit is ons doel om goeie kommunikasie en bande met die ICO-skole te behou. Met hierdie doel voor oë beplan ons om skoolbesoeke af te lê, sodoende kan ons beter bande asook 'n dieper begrip van die omstandighede en uitdagings by elke skool kry. Ons beplan om D.V. gedurende die loop van die derde kwartaal die meeste ICO-skole te besoek. Kommunikasie rondom datums sal per e-pos na elke skool gekommunikeer word.



Hoofkantoor
Starkeylaan 1249, Waverley, Pretoria, 0186
E: saskiameijer@ico.org.za | S: 082 491 4965

### 2. Skuins voor pouse

Onthou van die nuwe tydgleuf vir Skuins voor pouse! Donderdagaande 20:10.
Ons vertrou dat dit ‘n tydgleuf sal wees waar almal kan inluister. Diegene wat enige gesprekke op die radio gemis het kan die potgooie op ons webtuiste vind. https://ico.org.za/op-die-radio

### 3. Waterstroom by Boekenhoud winkel.

Ons is dankbaar dat die volgende Waterstroomboeke afgehandel en by Boekenhout beskikbaar sal wees.

- Engels graad 7 (deel 1 en 2)
- Wiskunde graad 3 boek 3

Bestellings kan op Boekenhout se aanlyn boekwinkel gemaak word.
https://boekenhout.aros.ac.za/

### 4. Fontein uitgewery

Dr. Anke de Beer, skrywer van die boek "Digital Dilemma" wat handel oor die vernietigende gevolge van digitale verslawing, het 'n nuwe kinderboek getiteld "Jamie se nuwe maat" geskryf. Hierdie boek is spesifiek gerig op klein kindertjies en die invloed van te veel skermtyd. Fontein uitgewery in samewerking met die Akademie vir Wetenskap en Kuns gaan die boek op 27 Junie 2024 bekendstel. Bespreek jou plek by info@fonteinuitgewery.co.za om dit by te woon!




### 5. ICO mini-seminaar

Daar is al meer behoefte om toerusting te ontvang om met kinders met spesiale behoeftes te werk. Ons beplan daarom ‘n mini-seminaar op ‘n Saterdagoggend gedurende die einde van die derde kwartaal. Hierdie seminaar sal handel oor neurodiversiteit met die klem op outisme. Die hoofspreker is dr. Cobie Lombaard, ‘n gerekende kenner van hierdie belangrike onderwerp. Meer inligting volg binnekort.

### 6. Die bestuur van medikasie in skole.

Die vraag of medikasie of self skedule medikasie by skole aangehou word kom gereeld na vore. Selfs die toedien van adrenalien d.m.v. ‘n spuit en naald vir ‘n anafilaktiese reaksie het ons laat nadink oor die wetgewing.
Die Suid-Afrikaanse wetgewing en beleid het implikasies in ‘n mindere of meerdere mate op die skoolomgewing. Dit blyk egter dat in geen van die wetgewings enige verwysing is na die bestuur van medikasie in skole nie.
Hoofde van skole is daarom aangewese om staat te maak op hul eie kennis en interpretasie van algemene wetgewing, persoonlike ervarings en oortuigings om toepaslike skoolbeleide te ontwikkel.

‘n Paar riglyne soos deur SAOU vermeld:

- Die hoof kan enige van sy personeel, naamlik onderwysers, terapeute of kantoorpersoneel taak om die bestuur van medikasie te hanteer.
- Daar is geen wet wat verbied dat skedule 0-medikasie op ‘n skoolperseel aangehou word en aan kinders gegee word wanneer dit nodig is, en soveel te meer nie wanneer daar skriftelike toestemming van die ouer is dat die leerder tydens skoolbywoning sulke medikasie mag ontvang nie. (Skedule 0-medikasie is enige iets wat bv. by ’n supermark van die rak af gekoop kan word).
- Skriftelike toestemming kan eenmalig aan die begin van die jaar van ouers verkry word om onnodige korrespondensie te vermy.
- Medikasie wat skool toe gestuur word, moet sover moontlik in die oorspronklike verpakking wees.
- Voorskrifmedikasie: 'n Afskrif van die kind se voorskrif vir sy medikasie moet deur die ouer of versorger aan die skool verskaf word. Die etiket op die pakkie medikasie kan ook dien as afskrif van die voorskrif.
- Enige medikasie wat aan 'n kind op die skoolterrein gegee word, moet aangeteken of gedokumenteer word in toepaslike registers of op toepaslike vorms soos bepaal deur die skoolhoof.

(Volledige artikel is beskikbaar of SAOU se webtuiste.)
https://www.saou.co.za/die-bestuur-van-medikasie-in-skole-the-management-of-medication-in-schools

Ons wens julle ‘n mooi en geseënde rustyd toe. Mag hierdie vakansie vir julle 'n tyd van vernuwing en vreugde wees.

Vriendelike Groete

Annelieke Visser